



WELKOM | Groot op genade

"Die Here is ons Herder..."

Kuberkamma

15 Maart 2020

Johannes 6 vers 35 (NLV)

"Jesus sê vir hulle: 'Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom sal nooit weer honger word nie; en wie op My vertrou, sal nooit weer dors kry nie.'"

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbriëf eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

08h30 Eietydse Diens en Belydenisaflegging

09h45 Kategese Afsluiting

10h00 Klassieke Diens

Die deurdankoffer gaan vir **Jeug**.

Program vir die Week

16 Maart	12:45	Gebedsgeleentheid in die gebedskamer
17 Maart	19h00	Leef@Kerk
20 Maart	05h00	Mannebyeenkoms te Lilylaan 65 SKOLE SLUIT

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Bid asseblief vir die jeug en jeugmentors van die gemeente. Lees [hier](#) meer oor hulle werksaamhede.

Lydenstyd

Lydenstyd is 'n tyd van gebed, vas, skuldbeledenis en verootmoediging waardeur ons as kinders van die Here voorberei vir die groot lydensweek en Paasfees.

Ons wil jou uitdaag om in die sewe weke tot Paasnaweek te vas van iets waarvan jy baie hou. Dalk is dit lekkergoed, koffie of TV kyk? Dalk het dit iets met sosiale media te doen.

Daardeur herinner ons onself op 'n klein manier aan sy lyding en kan jy somer gesonder ook anderkant uitkom.

Die doel van vas is om iets op te offer om te fokus op die Here en meer tyd met Hom deur te bring.

In Jes 58:6-7 lees ons ook van ander soort vas: "6Nee, die vas wat Ek van julle verwag, is dat julle die mense sal vrylaat wat julle onregverdig gevange hou. Hou op om die mense wat vir julle werk, soos gevangenes te behandel. 7Gee kos vir hulle wat niks het om te eet nie. Gee blyplek aan hulle wat nêrens het om heen te gaan nie. Gee klere vir die mense wat jy kan sien niks het om aan te trek nie. Help jou familie as hulle hulp nodig het."

Onthou dat vas 'n saak tussen jou en jou Vader is. (Matt 6:16-18)

Kraggakamma Gemeente

Kraggakamma Gemeente vier hierdie maand haar 47ste bestaansjaar! Ons dank die Here vir 47 jaar van genade!

#Imagine 27 tot 29 Maart 2020

Tiener registrasievorms vir #Imagine is op die webwerf beskikbaar.

There4-Bedieninge

Ons gebedsversoek vir die komende week is vir Soedan :

Bid saam met Christene in Soedan dat ware godsdienstvryheid geïmplementeer sal word ten spyte van die onseker toekoms van godsdienstvryheid in Soedan. [Foto](#)

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

15 Maart	Pottie Potgieter en Connie van den Berg
16 Maart	Zelda Bakkes en Bea-nè Scoeman
17 Maart	Ria Lombard, Vicky Rossouw, Ansie Vorster en Dalene Wilson
18 Maart	Suné van Heerden
19 Maart	Lizelle Niit
20 Maart	James Banfield, Louis le Grange en Danie Mare
21 Maart	Pieter Greyling, Karin van Breda en Twane van der Merwe

Padkos

My tong is onder nuwe Bestuur

Ons tonge is nie ons privaat eiendom nie - nie as ons sê ons dien die Here nie. Dan kan ons nie daarmee maak wat ons wil nie. So sê die Bybel. Woorde is wapens. Afhangende van in wie se mond woorde vorm aanneem, en uit wie se harte taal voortspruit, kan dit of goeie of slegte wapens wees. In die mond van 'n dwaas is woorde soos dodelike messteke wat ander mense seermaak en verwond. In die mond van 'n wyse is woorde soos goeie salf en genesende medisyne. In [Titus 3:2](#) gee Paulus juis 'n belangrike riglyn vir reg praat as hy skryf dat ons nooit kwaad van ander moet praat nie. Ons woorde is nie veronderstel om lewensgevaarlik te wees nie. Dit moet die Here se liefde, en ons eie omgee, in die rigting van ander mense stuur. Daar is oorgenoeg skerp woorde in die wêreld te hoor. Daar's heeltemal te veel vernietigende woorde in omloop. Praat asseblief anders oor mense en met mense. Praat goed. Praat opbouend. Praat gesond. Praat hoopvol. Praat die Here se troos nader. Praat twyfel en ongeloof uit die pad. Praat so dat mense agterkom jou eie tong is onder nuwe hemelse bestuur!

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Die volgende Kuberkamma sal op Vrydag 3 April uitgestuur word. Geniet die kort vakansie!

Kubergroete tot volgende keer



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com